

Die Pad van Waarheid tot die Lewe BybelVertalingsProjek

Bespreking van die wet

4

Omvang van die Wet

Die wet kan as volg uitgebeeld en saamgevat word.



Daar is ongeveer 'n duisend wette wat in die Skrif opgeteken is.

Nie een van hulle maak saak sonder liefde en gehoorsaamheid nie.

Al gehoorsaam ek fisies die wet en dit is nie uit my gees nie, is dit leeg.
Elkeen van die wette in die Skrif kan ingedeel word onder 10 opskrifte.

Hierdie 10 opskrifte beteken dus meer as net die woorde, maar het 'n breër betekenis wat die volheid daarvan leer. Dit sluit al die aspekte van die wette in wat onder die opskrif ressorteer.

Die 10 opdragte

Eks 20:1 God het al hierdie woorde gepraat en gesê:

1

2 "Ek is יהוה jou God wat jou uit die land van Egipte, uit die huis van slawerny, uitgelei het.

3 Jy mag geen ander gode voor My hê nie.

2

- 4 Jy mag vir jou geen afgod of enige verpersoonliking maak van wat bo in die hemele is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.
- 5 Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie, want Ek, יהוה jou God, is ‘n jaloerse Magtige God wat die oortredinge van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat, 6 maar omgee wys aan duisende, aan dié wat My liefhet en My opdragte uitvoer.

3

- 7 Jy mag die Naam van יהוה jou God nie valslik gebruik nie, want יהוה sal die een wat Sy Naam valslik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.

Spr 30:4 Vertel my: Wie het opgegaan na die hemel en afgekom? Wie het die wind in Sy vuiste versamel? Wie het die waters in ‘n sakdoek vasgebind? Wie het al die grense van die aarde vasgestel? Wat is Sy Naam en wat is die Naam van Sy Seun, as jy weet?

4

8 Onthou die Shabbatdag, om dit afgesonderd te hou. 9 Ses dae moet jy werk en al jou besigheid doen, 10 maar die sewende dag is 'n Shabbat van יהוה jou God; dan mag jy géén besigheid doen nie; nie jy of jou seun of jou dogter, of jou slaaf of jou slavin, of jou vee of jou besoeker wat by jou bly nie, 11 want in ses dae het יהוה die hemele en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is en op die sewende dag het Hy gerus.

Daarom het יהוה die Shabbatdag geseën en dit afgesonder.

Yes 58:13 As jy, as gevolg van die Shabbat, jou voet wegdraai daarvan om jou eie plesier op My afgesonderde dag te doen en die Shabbat 'n vreugde, die afgesonderde dag van יהוה eerbaar noem en dit eer, deur nie jou eie dinge te doen, jou eie plesier te soek en jou eie woorde te praat nie, 14 dan sal jy vreugde vind in יהוה en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou voed met die erfenis van Ya'akov, jou vader, want die Mond van יהוה het gepraat.”

5

12 Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat יהוה jou God aan jou gee.

6

13 Jy mag nie moord pleeg nie.

Mat 5:21 Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: ‘Moenie moord pleeg nie,’ en dat elkeen wat moord pleeg, verantwoording moet doen voor die gereg, 22 maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broer sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg en elkeen wat vir sy broer sê: ‘Ek spoeg op jou!’ is veroordeel voor die vergadering en elkeen wat sê: ‘Jou dwaas!’ is veroordeel tot die vuur van die Hel.

7

14 Jy mag nie egbreuk pleeg nie.

Mat 5:27 Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: ‘Moenie egbreuk pleeg nie, 28 maar Ek sê vir julle dat ‘n man wat na ‘n vrou kyk met die doel om haar te begeer, daardie oomblik, egbreuk pleeg met haar in sy gedagtes, wil en emosie.

8

15 Jy mag nie steel nie.

9

16 Jy mag nie vals getuig teen jou naaste nie.

10

17 Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy slaaf of sy slavin, of sy os of sy donkie of iets wat aan jou naaste behoort nie."

As hierdie "OPSKRIFTE" nog geldig is, dan is dit wat onder die opskrifte val ook mos nog geldig?

Word stil en dink mooi daaroor.

Vra Vader vir wysheid.

Hierdie 10 kan weer onder ‘n groter opskrif kom.

Mark 12:29 Yeshua antwoord hom: “Die eerste van al die opdragte is: Luister, Yisra’el, יהוה is ons God, יהוה is Een; 30 en jy moet יהוה jou God liefhê vanuit jou hele verstand, wil en emosie; vanuit jou hele gees; vanuit al jou begrip en verbeelding en vanuit al jou krag. Dit is die eerste opdrag 31 en die tweede, wat net soos hy is, is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Daar is geen ander opdrag groter as hierdie nie.”

Aangesien God liefde en ons Skepper is – konsentreer dit op die eerste stelling wat weer alles onder ‘n groter opskrif plaas.

Deut 6:4

שמע ישראל יהוה אלהינו יהוה אחד

Sh'ma Yisra'el יהוה Eloheinu יהוה Echad.

Luister, Yisra'el, יהוה is ons God; יהוה is Een.

Midde-Oosterse gebruik.

Eerste woord is opsomming of opskrif.

Dus:

Die opskrif bo die opskrifte:

Shema: Luister, Hoor, Doen

Nou gaan ons dit gou weer anders om doen

Shema

Deut 6:4

Die Wet van liefde

Die tien opdragte. (gebooie)

Die wette, opdragte, instellings en oordele.